education

DEPARTMENT: EDUCATION
MPUMALANGA PROVINCE

EHLANZENI STREEK

JUNIE 2014

GRAAD 11

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL – VRAESTEL 3

PUNTE : 100

TYD : 2 ½ UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS.

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Lang Transaksionele Teks (30)
   AFDELING C: Kort Transaksionele Teks: (20)

   Bestee: 80 minute aan AFDELING A
   40 minute aan AFDELING B
   30 minute aan AFDELING C

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n kopkaart, vloeidiagram, diagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die opstel wees.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Voorsien elke teks van 'n gepaste titel/opskrif.
   LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ’n OPSTEL van 200 - 250 woorde.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

1. Ek was daar!

   Dink aan ‘n musiekkonsert, fees of sportbyeenkoms wat jy nooit sal vergeet nie. Beskryf só ‘n geleentheid wat jy bygewoon het. **[50]**

OF

2. ‘n Brugjaar of nie?

   Bespreek die voordele en nadele van ‘n brugjaar ná matriek. **[50]**

OF

3. Dis waar, glo my! **[50]**

OF

4. ’n Gil! ... toe doodse stilte ... **[50]**

OF

5. Die lewe van ‘n meisie is baie moeiliker as die lewe van ‘n seun.

   Bespreek hierdie stelling en motiveer waarom jy daarmee saamstem of nie. **[50]**

OF

Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf ’n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk ’n titel. Jou opstel moet by die prent aanpas

6.



7.

8.

TOTAAL Afdeling A: 50

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

9. Jy moet namens die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) 'n brief aan die plaaslike Brandweer rig om by jul skool 'n praatjie te kom lewer oor wat hulle elke dag doen en ook 'n demonstrasie met hul honde aan te bied.

   Skryf 'n **formele brief** waarin jy hierdie versoek rig. Rig jou brief aan:
   Die Brandweerhoof, Mbombela Munisipaliteit, Posbus 0071, Nelspruit, 1200.

[30]

OF

10. Jy is een van die sprekers by die begrafnis van 'n baie geliefde persoon in julle buurt. Skryf jou toespraak in die vorm van 'n huldeblyk . [30]

OF

11. Jy het verlede naweek gesien hoe diewe by julle skool inbreek en groot skade aanrig. Skryf 'n **verslag** aan die polisie waarin jy as ooggetuie sê wat jy alles weet.

    Dink aan: Wat toe verder gebeur het
    Waar jy was
    Wat jy gesien het [30]

OF

12. Oupas en oumas vertel graag vir hulle kleinkinders wat reg en verkeerd is in die lewe. Jou ouma het agtergekom dat jy alkoholiese drank begin gebruik en sy het jou teen die gevare van drank gewaarsku.
    Skryf die gesprek tussen jou en jou ouma waarin sy jou waarsku teen die gevare van drank, in **dialoogvorm** neer.

    BEGIN só: Ouma: My kind, ek het gister drank by jou geruik.
    Ek : ... [30]

TOTAAL Afdeling B: 30

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

- Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

13. Die graad 11's gaan 'n funksie reël om vir die onderwysers dankie te sê. Rig nou 'n uitnodiging, in die vorm van 'n **uitnodigingskaartjie**, aan alle onderwysers. Nooi hulle na die funksie uit. Sluit al die nodige inligting asook die program vir die aand in.

    Gebruik die volgende formaat:

UITNODIGING	PROGRAM

[20]

OF

14. Jy sal 15 Mei 2014 nooit vergeet nie, want dis die dag toe jou maat sy/haar groot geheim aan jou vertel het.
    Skryf hierdie geheim in jou **dagboek** neer en sê hoe jy gevoel het toe jy die geheim gehoor het [20]

OF

15. Jy is besig om vir die eksamen te studeer. Dit gaan baie goed met jou voorbereiding vir die eksamen. Watter **<u>instruksies</u>** sal jy vir 'n vriend/vriendin kan neerskryf om te volg vir sy/haar eksamenvoorbereiding?

[20]

TOTAAL Afdeling C: 20

TOTAAL Vraestel 3: 100